We have seen (paragraph 19, Table 13) that the numerical relationship between the different classes of families varies considerably from one province to another. Table 13 shows also that there are very significant differences between the income distributions of different classes of families within the same province. Under these circumstances a more reliable ranking of the provinces would be obtained if similar classes of families were contrasted. If the various characteristics of the income distributions be taken into account, that is, the medians and the proportions of families with incomes exceeding £200 or less than £100, we obtain the following rankings. (Here C stands for Cape Province, N for Natal, T for Transvaal and O for Orange Free State).

Class of Family.	INCOME RANKING.			
	1st.	2nd.	3rd.	4th.
Owner.....	N.	C.	O.	T.
Tenant.....	N.	C.	T.	O.
Bywoner.....	C.	N.	O.	T.
Employee.....	N.	T.	O.	C.

If the ranking be based on owner-families only we obtain the following order, which is no doubt the most trustworthy: Natal, Cape, Orange Free State, Transvaal. This is precisely the order found above from the ranking of all families irrespective of class. Natal families appear to have the highest income on all rankings except that of bywoners; such families are, however, relatively few in Natal and the ranking is not quite reliable. Cape families again have higher incomes than those of either the Transvaal or the Orange Free State, except in the case of employee families; these rank high in the Transvaal but low in the Cape.

On ranking the four different classes of families in each province according to income we find that the owner-family has invariably the highest income and the bywoner family the lowest. In Natal and the Transvaal employee families have higher incomes than tenant families but in the Cape and the Orange Free State the reverse is the case. These differences may be due to the nature of the employee—whether mere farm labourer or foreman.

25. **Income of Rural Farming Families : Cape Regions.**—Perhaps the best way of contrasting family income between regions is to base the comparison on owner families only.

In the Cape Province there were eight regions in which three-quarters or more of the owner-families had incomes exceeding £200. These were as follows:—

Region.	Per Cent. Owner Families over £200.	Districts.
21	94	Colesburg, De Aar, Hanover, Phillipstown, Richmond.
2	84	Paarl, Somerset West, Stellenbosch, Wellington.
15	83	Britstown, Hopetown, Victoria West.
20	82	Graaff-Reinet, Middelburg, Pearston.
19	81	Adelaide, Bedford, Cradock, Maraisburg, Somerset East, Steynsburg, Tarka, Venterstad.
12	79	Aberdeen, Beaufort West, Murraysburg.
5	79	Montagu, Robertson, Worcester.
3	75	Bellville, Hopefield, Malmesbury, Piquetberg, Tulbagh.

According to these figures income appears to be highest in the central, eastern and northern Karroo—apart from a few districts in the south-west Cape. Incomes are at approximately the same level in all the districts of a specific region, with the following few exceptions: In Hopetown income is distinctly lower than in the other two districts of region 15; in Pearston it is lower than in Graaff-Reinet or Middelburg; in Maraisburg it is lower than in the surrounding districts of region 19; and in Piquetberg it is lower than in Hopefield or Malmesbury.

In the following seven regions fewer than 40 per cent. of the owner-families had incomes exceeding £200:—

Region.	Per Cent. Owner Families over £200.	Districts.
6	39	Heidelberg, Riversdale, Swellendam.
16	38	Barkly West, Herbert, Kimberley.
1	37	Cape, Simonstown, Wynberg.
7	34	Calitzdorp, Ladismith, Oudtshoorn, Uniondale.
17	29	Gordonia.
18	28	Kuruman, Mafeking, Taung, Vryburg.
8	22	George, Knysna, Mossel Bay.

The above regions of low income fall into two fairly well-defined zones: The first on the south coast and the adjacent districts of the south Karroo; and the second in the extreme north. The lowest incomes were recorded in the extreme northern district of Mafeking where only 15 per cent. of the families had incomes exceeding £200, and the south coastal district of Knysna where the corresponding ratio was only 13·4 per cent. It is of interest to note, also, that income was at a much higher level in Vryburg, the district adjacent to Mafeking.

26. **Income of Rural Farming Families : Natal Regions.**—Family income is definitely the highest in the north coastal zone from Inanda to Lower Umfolozi—the sugar-growing area. In the central area, usually referred to as the middle-veld, income is rather lower and in the highveld of the far north it is lowest. In the districts of Vryheid family income appears to be the lowest; here only 36 per cent. of the families have incomes exceeding £200, while for the surrounding districts the corresponding ratio is about one-half.

27. **Income of Rural Farming Families: Transvaal Regions.**—The income of owner-families is highest in the following regions:—

Region.	Per Cent. Owner Families over £200.	Districts.
6	60	Barberton, Nelspruit.
9	52	Letaba, Pilgrims Rest.
4	51	Bethal, Standerton, Ermelo.
5	48	Voksrust, Piet Retief, Wakkerstroom.

All these districts are situated in the eastern and south-eastern part of the province. Barberton has comparatively few farming families (paragraph 16) but income appears to be higher there than elsewhere. Other outstanding districts are Ermelo and Letaba.

In the following regions family income was generally the lowest:—

Region.	Per Cent. Owner Families over £200.	Districts.
16	23	Bloemhof, Christiana.
15	22	Schweizer Renecke, Wolmaransstad.
11	21	Potgietersrust, Waterberg.
10	21	Pietersburg, Zoutpansberg.
13	19	Marico, Pretoria, Rustenburg.

All these districts, except Pretoria, are situated in the western or far-northern part of the province. As far as the south-west regions (15, 16) are concerned, income appears to be significantly lower in Wolmaransstad and Bloemhof than in the other districts. The lowest incomes were recorded in Marico and Waterberg; in the latter district 17 per cent. of the owner-families declared their income as exceeding £200 and in Marico only 14 per cent. It is interesting to note that: (i) income is significantly higher in Rustenburg which lies intermediate between Marico and Waterberg; (ii) in the mid-western districts of Lichtenburg and Ventersdorp income is higher than in the south-west or the north-west; (iii) Marico, the district with lowest income is adjacent to Mafeking where, as we have seen, income is exceedingly low.

In Pietersburg income is considerably lower than in any of the surrounding districts.

Special mention must be made of *tenant-families*. These are of great numerical importance in the west and in some central districts, particularly Brits, Pretoria and Middelburg. In most of these districts family income is very low and there is hardly any area in which more than 12 per cent. of the families have incomes exceeding £200; in Middelburg the ratio is only 7.9 per cent and in Waterberg 5.2 per cent. In Brits, however, the position is very different; here there are more tenant than owner-families and 40 per cent. of the former have incomes exceeding £200 while the ratio for the latter is 43 per cent. This district is unique in this respect that tenant and owner families are more or less on an equal footing as far as income is concerned.

28. **Income of Rural Farming Families: Orange Free State Regions.**—The highest family incomes were recorded in the following regions:—

Region.	Per Cent. Owner Families over £200.	Districts.
6	70	Bethulie, Dewetsdorp, Trompsburg, Smithfield.
7	65	Rouxville, Wepener, Zastron.
1	65	Clocolan, Ficksburg, Fouriesburg, Ladybrand, Thaba 'Nchu.

All these districts are situated in the mid-eastern and south-eastern part of the province. The figures suggest that income decreases in a north-easterly direction; thus in Fouriesburg it is distinctly lower than in the districts immediately to the south.

The lowest incomes were recorded in the following two regions:—

Region.	Per Cent. Owner Families over £200.	Districts.
4	35	Frankfort, Heilbron, Vredefort.
10	34	Boshof, Bothaville, Hoopstad, Jacobsdal.

These regions fall into two zones, the first in the extreme north and the second in the west. In the northern group Vredefort appears to have the lowest income and in the west the lowest income was recorded in Boshof; here only 24 per cent. of the families were returned as having incomes exceeding £200.

29. **Size and Income of Rural Farming Families.**—It was pointed out, in paragraph 13, that the size and income of urban families were negatively correlated; that is, the smaller the income the bigger the family. This theory may also be tested for rural families but the method is somewhat more complicated. Three factors must be taken into consideration:—

1. Average size per rural family.
2. Average income per rural family.
3. The proportion of owner families.

Tables 15–18 show the number of persons per rural farming family in each region but these figures are based on all families irrespective of class. If the size per *owner-family* had been available then the correlation could have been effected directly with the income per owner-family. In the absence of such figures it is necessary to correlate size and income of all families without regard to class and then to eliminate the effect of ownership on income and size of family. The last step is necessitated by the fact that owner incomes are larger than those of other classes of families and the ratio of owner-families varies considerably from one region to another. The partial rank correlation coefficients* are found to be as follows:—

Cape, .46; Natal, .12; Transvaal, .54; Orange Free State, .67.

All the coefficients are negative and all are statistically significant except that for Natal. This means that there is an inverse relationship between the size and income of the rural farming family, the smaller the income, the larger the family and vice versa. It must be emphasized that the figures merely prove the existence of the relationship but do not state that low incomes are the cause of large families.

The following figures show the *median income* according to size of family. All the medians for Natal are over £200 and have, therefore, been omitted:—

Size of Family.	FARMING FAMILIES: MEDIAN INCOME.			
	Cape.	Transvaal.	O.F.S.	Union.
2	£ 137	£ 87	£ 125	£ 119
3	139	90	132	122
4	142	92	136	125
5	131	90	133	118
6	115	84	108	103
7	105	76	95	94
8	97	77	89	91
9	90	78	97	87
10+	96	88	89	92

These figures which are based on Table 20 exhibit almost exactly the same sort of variation as was observed in the case of urban families (paragraph 12). Income rises to a maximum for families of four persons and then decreases as the size of family becomes greater and greater. There is also evidence that for very large families the income rises again.

30. **Family Income and Price of Land.**—It is reasonable to enquire whether a relationship exists between the price of land per morgen in a region and the family income in that region; and if so, the nature of that relationship. Theoretically we should expect a high level of income in a region where the price of land is high and *vice versa*. To test this theory we utilize the prices as disclosed by the transfers of rural property during the year ended March, 1941. District transfers were grouped into regions coterminous with those of this report and the prices so obtained correlated with the proportions of owner-families who received incomes exceeding £200.† The coefficients were found to be as follows:—

Cape, .15; Natal, .38; Transvaal, .33; O.F.S., .24.

All these coefficients are positive and statistically significant; that is, they furnish evidence in conformity with theoretical expectations. The method of calculation has the merit of pointing to regions which are serious exceptions to the rule. Thus in the

* Kendal: "Biometrika", pp. 32, 277 (1942).

† The Kendal coefficient of rank correlation was used; see Kendal *Advanced Theory of Statistics*, Chapter 16.

Transvaal region 3 which includes the districts of Heidelberg, Nigel, Springs and Vereeniging we find that the price of land is much higher than family income would lead us to expect. The inference is that the price does not reflect the purely agricultural value of the land in this region. It is known, in fact, that the price of rural land in this region is much inflated by a large proportion of transfers of building and industrial sites. The same situation is found in the case of Cape region 8 (George, Knysna and Mossel Bay) and several others.

31. **Rural Non-Farming Families.**—This is an extremely heterogeneous group which consists *inter alia* of peri-urban families who derive their income from occupations followed within the cities and towns; of families engaged in trading, mining and alluvial diamond digging, road and rail construction and maintenance, forestry and fishing, etc. Distinction was not drawn between industrial activity and no detailed survey will therefore be attempted. As regards size of family and income level, this group falls intermediate between the urban families and the rural farming families. Detailed distributions according to size and income of family are given in Table 19, and certain other information in Tables 2 and 3.

32. **Singly Living Non-Family Persons.**—Tables 21–23 contain information in regard to persons who were detached from their families and lived singly, presumably for the greater part in hotels, boarding houses, etc. It should especially be noted that the total of 149,742 includes 46,610 persons who constituted households (see paragraph 2 and Table 1). The majority of these singly-living persons are to be found, as would be expected, in the chief urban areas. Thus out of the 51,276 persons enumerated in the Transvaal, two-thirds were in Johannesburg and Pretoria; and of the 16,655 enumerated in Natal two-thirds were in Durban; similarly of the Cape total 59 per cent. were enumerated in Cape Town, Port Elizabeth, East London and Kimberley.

In urban areas singly-living *females* predominate in all the provinces except Natal; in rural areas the reverse is the case, males being in the majority.

In considering the income, which is very low on the average, it must be remembered that many of these persons live on old-age and other pensions or on receipts from boarders and lodgers; others again, especially in urban areas, are young and have only been working for a few years and, in many cases, for less than a full year.

CENSUS, 6th MAY, 1941.

FORM FOR FAMILY AND INCOMES (to be attached to Form C. 1).

(TO BE FILLED IN BY THE GOVERNMENT ENUMERATOR.)

Number of House and Name of Street	Magisterial District
OR	Enumerator's Sub-District No.
Name and Number of Farm or Holding	Town
	Form No. (Same as Householder's Form C. 1.)

Fill in usual number of persons (excluding servants) in this household, i.e., who usually live in this dwelling, whether present or not on Census night :-

	Number.		
	Males.	Females.	Persons.
1. FAMILY.....			
Head and/or Wife.....			
Children under 16 years of age.....			
Children 16 years and over.....			
TOTAL IN FAMILY.....			
2. OTHERS.....			
Other relatives and guests of family residing permanently in dwelling (all ages)			
Other regular lodgers (all ages).....			
TOTAL IN HOUSEHOLD (Family and others).....			

3. Particulars of PRINCIPAL BREADWINNER supporting family.	Sex.....	Home Language.....
	Whether Never Married, Married, Widowed or Divorced.....	
	Occupation in Normal Civil Life.....	
	If on Military Service, write "M.".....	
4. Number of persons in FAMILY (shown in 1 above) earning or receiving income.....		

5. TOTAL COMBINED INCOME OF HEAD AND OF ALL OTHER MEMBERS OF FAMILY (AS SHOWN IN 1 ABOVE) FROM ALL SOURCES DURING 12 MONTHS, 1ST MAY, 1940, TO 30TH APRIL, 1941 :-

Fill in either A or B, not both. (See Note 5.)

A. For persons in NON-FARMING OCCUPATIONS.

Income Group.	
No Income.....	
Under £50.....	
£50 to £99.....	
£100 to £149.....	
£150 to £199.....	
£200 to £249.....	
£250 to £299.....	
£300 to £349.....	
£350 to £399.....	
£400 and over.....	

Do not give the actual amount of income, but mark only the income group with a X.

B. For persons engaged in FARMING OPERATIONS.

(If farming, mark applicable space with a X.)

Farm:	Dwelling:
Owner.....	Owned.....
Tenant.....	Free.....
Bywoner.....	Rented.....
Employee.....	

Does family raise or receive farm produce for own use?

Yes.....	
No.....	

Combined gross income of whole FAMILY (shown in 1 above) from all sources: produce, wages, etc., reckoned in money.

No money income.....	
Under £50.....	
£50 to £99.....	
£100 to £149.....	
£150 to £199.....	
£200 and over.....	

Do not give the actual amount of income but mark only the income group with a X.

Signature.

SENSUS VAN DIE BLANKE BEVOLKING, MEI 1941.

VERSLAG OOR BLANKE GESINNE EN INKOMSTE.

1. Algemeen.—Tesame met die algemene Sensus wat op 6 Mei 1941 opgeneem is, is daar vir die eerste keer inligting in verband met die samestelling van blanke gesinne en hulle inkomste ingewin. 'n Afskrif van die vorm wat in hierdie verband gebruik is, is aangeheg. (Aanhangsel A.) Die tabel wat gebruik is om die struktuur van huisgesinne en gesinne vas te stel, word gerieflikheidshalwe hieronder weergegee. Die gesinshoof is gevra om :—
 „die gewone getal persone (bediendes uitgesonderd) in hierdie huisgesin in te vul, dit wil sê diegene wat gewoonlik in hierdie huis woon, of hulle in die Sensusnag teenwoordig is of nie.”
 Dit beteken veral dat persone wat tydelik van hulle huisgesinne geskei is as gevolg van besigheid of vakansies, opvoeding, militêre diens, ens., op die vorm vermeld moes word.

	GETAL.		
	Manlik.	Vroulik.	Persone.
1. GESIN—			
Hoof en/of eggenote.....			
Kinders onder 16 jaar oud.....			
Kinders van 16 jaar en ouer.....			
TOTAAL IN GESIN.....			
2. ANDER—			
(a) Ander familiebetrekkings en gaste van gesin wat permanent in huis woon (alle leeftye).....			
(b) Ander gereelde loseerders (alle leeftye).....			
TOTAAL IN DIE HUIS (Gesin en Ander).....			

2. Woordbepaling.—Die term *huisgesin* is nie duidelik omskrywe nie maar die betekenis wat in die vorm en in hierdie verslag daaraan verbonde is, is wesenlik dieselfde as dié van die volgende omskrywing wat in die Kanadese sensus van 1941 gebruik is. 'n *Huisgesin* word omskryf as :—

„'n persoon of groep persone wat in een huishoudelike gemeenskap woon. Die persone kan wel familiebetrekkings wees of nie, maar as hulle met gemeenskaplike huishoudelike reëlins saamlewe, vorm hulle 'n huisgesin. . . ., twee of meer huisgesinne kan in dieselfde huis woon. As hulle in afsonderlike dele van dieselfde huis woon en hulle huishoudings geheel en al geskei is, moet hulle as afsonderlike huisgesinne behandel word.”

Vir die doel van die Sensusondersoek beteken 'n GESIN—

- (i) 'n egpaar wat geen kinders het nie;
- (ii) die vader, moeder en kinders, met inbegrip van stiefkinders of aangenome kinders;
- (iii) die oorlewende ouer en sy of haar kinders;
- (iv) waar albei ouers oorlede is, die broers en susters wat as 'n gesin saamlewe;
- (v) die grootouer(s) en verweeste kleinkinders;

Die lede van die gesin word dus feitlik beperk tot persone wat in 'n verhouding van eggenoot-eggenote of ouer-kind lewe, en kom dus nie ooreen met die groep persone wat die huisgesin vorm nie. Laasgenoemde bestaan telkens uit twee of meer gesinne en sluit baie dikwels persone in wat aan die hoof of sy eggenote verwant is, soos 'n oom, niggie, moeder, ens., maar wat nie lede van sy eie gesin is nie.

Daar behoort opgemerk te word dat die definisie van gesin geen melding van die finansiële status van kinders maak nie. Die getroude kind vorm noodwendig 'n deel van sy eie gesin, apart van sy of haar ouers, selfs al woon hy of sy by hulle en is hy of sy finansiël afhanklik van hulle. Die kind wat finansiël onafhanklik is, kan egter as 'n lid van die gesin getel word as hy of sy by die ouers woon; of as 'n ongetroude persoon sonder gesin, as hy of sy nie by die ouers woon nie. Aangesien skoliere en studente wat gewoonlik weg van die huis woon finansiël afhanklik is, word daar aangeneem dat hulle as lede van die gesin ingevul is. Dit is van belang om

op te merk dat (i) 'n huisgesin uit 'n ongetroude persoon kan bestaan; en (ii) verskeie gesinne in dieselfde huisgesin ingesluit kan wees.

Daar kan twee klasse van ongetroude persone sonder gesin onderskei word. In die eerste plek kry ons die ongetroude individu wat 'n huisgesin, soos omskrywe, vorm. So 'n persoon is gewoonlik 'n weduwee sonder inwonende kinders. Kosgangers, loseerders of familiebetrekkings kan in dieselfde huis woon of nie. In die eerste geval het ons die *huisgesin van 'n ongetroude persoon* en in laasgenoemde die veelvoudige huisgesin waarvan die ongetroude persoon sonder gesin die hoof is. In die tweede plek het ons die *alleemoonende individu* wat los staan van sy gesin en vermoedelik finansiël onafhanklik daarvan is.

Hierdie persoon woon gewoonlik in 'n hotel of in 'n private losieshuis en kan aldus nie as 'n lid van 'n gesin of 'n huisgesin beskou word nie.

In die geval van huisgesinne wat uit meer as een gesin bestaan, het die hoofgesin, gewoonlik die een wat die huur betaal of aan wie die huis behoort, afdeling I van die vorm ingevul en die bykomende gesinne is by afdeling II ingevul as familiebetrekkings, loseerders, ens. Elke bykomende gesin moes ook 'n vorm met betrekking tot sy eie struktuur en inkomste invul, maar in sulke sekondêre opgawes het die besonderhede van struktuur noodwendig in afdeling I verskyn.

Dit is betreurenswaardig dat die opgaafvorm nie die getal gesinne in die huisgesin gevra het nie.

3. Gesinne en huisgesinne.—Die hoofdoel van die ondersoek was om gegewens betreffende die struktuur en inkomste van gesinne, en nie van huisgesinne nie, in te win. Dit is duidelik uit die opmerkings in die voorgaande afdeling dat die inligting betreffende die totale getal gesinne juis is (hoewel nie volledig nie) ten spyte van die feit dat sekere gesinne by ander loseer het. Dit is egter nie moontlik om tussen gesinne wat loseer en ander gesinne te onderskei nie en daarom kan die juiste getal huisgesinne nie vasgestel word nie. Dit is egter moontlik om die persone wat in afdeling II van die vorm ingevul is, in die volgende twee groepe te verdeel: (i) die individu wat aan 'n gesin behoort, en (ii) die individu wat nie aan 'n gesin behoort nie. Die getal gesinne wat loseer kan dus bepaal word as ons veronderstel dat die gemiddelde ledetal oor die algemeen dieselfde is vir alle gesinne. Daar is rede om te dink dat die ledetal van die gesin wat loseer oor die algemeen kleiner is as dié van die onafhanklike gesin en die skatting is dus waarskynlik te laag. Om te oordeel na die totale getal persone moet die aantal gesinne wat loseer betreklik min wees, en dus kan foute in die skatting egter nie van veel belang wees nie.

4. Deel van die bevolking wat opgeneem is.—Aangesien hierdie eerste geleentheid was dat 'n gesinsopname van die hele blanke bevolking gemaak is, is dit van belang om vas te stel watter deel van die totale bevolking, wat tydens die algemene sensus opgeneem is, deur die gesinsopname ingesluit is. Die volgende is die betrokke verhoudings; in Tabel I van die aanhangsels word getoon hoe hulle afgelei is :—

VERHOUDING PERSENT VAN TOTALE BEVOLKING WAT IN GESINSOPNAME INGESLUIT IS.

Provinsie.	Stedelike.	Plattelandse.	Alle gebiede.
Kaaprovinsie.....	85.0	98.6	90.1
Natal.....	83.4	93.2	85.2
Transvaal.....	87.4	87.7	87.5
Oranje-Vrystaat.....	77.7	96.6	87.4
UNIE.....	85.8	93.7	88.2

Die hele blanke bevolking wat tydens die sensus in Mei 1941 opgeneem is, was 2,160,174, van wie 1,499,655 in stedelike gebiede, en 66,519 in plattelandse gebiede gewoon het. Hierdie syfers sluit 32,009 persone wat op militêre diens buite die Unie was, nie in nie, aangesien hulle nie aan stedelike of plattelandse gebiede toegewys kon word nie. Die gesinsopname het 1,286,361 in stedelike gebiede en 619,151 in plattelandse gebiede gedek. Die verhouding vir die hele Unie was 88 persent, dit wil sê ongeveer agt-negendes van die bevolking is by die gesinsopname opgeneem.

Daar is 'n baie belangrike verskil tussen die verhoudings vir stedelike en plattelandse gebiede. Die plattelandse verhouding is in elke provinsie behalwe Transvaal aansienlik hoër. Daar is tenminste twee redes vir hierdie verskil:—

- (i) teen Mei 1941 het 'n baie groot aantal persone wat gewoonlik in plattelandse gebiede gewoon het, al na stedelike gebiede op militêre diens verskuive en hulle gesinne agtergelaat. Wat die algemene sensus betref, is sulke persone in stedelike gebiede opgeneem, maar in die gesinsopname is hulle opgeteken as wonende in plattelandse gebiede.
- (ii) Baie kinders wat gewoonlik in stedelike gebiede skoolgaan en wat in die algemene sensus daar opgeteken is, woon permanent in plattelandse gebiede en is vermoedelik by die gesinsopnames daar opgeneem.

Daar kan met taamlike sekerheid gesê word dat bogenoemde verhoudings die opnames in plattelandse gebiede oorsak en hulle in stedelike gebiede onderskat. Die feit dat die verhoudings in Transvaal feitlik dieselfde is in plaas van 'n verskil toon, is waarskynlik die gevolg van baie groot militêre kampe in die plattelandse gebied van Pretoria.

Die verhoudings vir die groot stede en dorpe is interessant. In beide Kaapstad en Johannesburg is enigsins meer as 90 persent van die totale bevolking opgeneem maar in Pretoria, Pietermaritzburg en Bloemfontein was die verhoudings heelwat laer as die algemene gemiddelde. Hierdie toestand is waarskynlik die gevolg van die groot verskuiwing van bevolking wat die oorlog teweeggebring het. Duisende persone wat in die algemene sensus veral in Pretoria, opgeneem is, moes op gesinsvorms op ander plekke, naamlik hulle gewone verblyfplek, ingevul geword het.

5. **Huisgesinne.**—Die provinsiale verspreiding van huisgesinne is die volgende:—

Provinsie.	Stedelike.	Plattelandse.	Alle gebiede.
Kaapprovinsie.....	121,051	63,286	184,337
Natal.....	41,681	10,552	52,233
Transvaal.....	154,638	55,431	210,069
Oranje-Vrystaat.....	19,010	24,784	43,794
UNIE.....	336,380	154,053	490,433

Soos in paragraaf 3 aangedui word, is bostaande syfers nie akkuraat nie maar deels op 'n skatting van die getal gesinne wat by ander gesinne woon of loseer, gebaseer. Daar is maar 'n klein persentasie sulke gesinne en die aard van die veronderstelling waarop die skatting gegrond is, toon dat die getal huisgesinne minder moet wees as dié wat hierbo getoon word, hoewel sekerlik met nie meer as 1 persent nie. Die syfers verskaf terloops ook 'n bewys van die hoë mate van verstedeliking in Natal en die lae mate in die Oranje-Vrystaat.

Die uitvoerige syfers in tabel I toon dat daar 29,312 huisgesinne in stedelike gebiede is wat 'n ongetroude persoon sonder gesin aan die hoof het—gewoonlik 'n weduwee sonder kinders wat óf alleen óf met kosgangers of loseers gewoon het. Die verhouding vir hierdie tipe huisgesin was dus 8.7 persent; die ooreenstemmende verhouding vir plattelandse gebiede was 8.6 persent. Daar is baie meer huisgesinne waarin daar slegs een ongetroude persoon is as huisgesinne waarin so 'n ongetroude individu sonder gesin familiebetrekkings en loseers het. Dit is redelik om aan te neem dat daar in stedelike gebiede baie meer geleentheid bestaan om loseers in huis te neem as in plattelandse gebiede; die syfers in tabel I laat mens sterk onder die indruk kom dat voordeel uit hierdie feit getrek word.

Die persentasie huisgesinne wat uit 'n ongetroude persoon bestaan, is veelseggend hoër in die groot stede Johannesburg (10.5 persent), Kaapstad (9.6 persent) en Durban (9.3 persent), as in die kleiner stede en dorpe. In Bloemfontein is daar buitengewoon min huisgesinne van hierdie tipe (3.1 persent).

6. **Gesinne.**—Die provinsiale verspreiding van gesinne is die volgende:—

Provinsie.	Stedelike.	Plattelandse.	Alle gebiede.
Kaapprovinsie.....	114,190	59,237	173,427
Natal.....	39,203	9,824	49,027
Transvaal.....	153,087	53,975	207,062
Oranje-Vrystaat.....	18,513	24,696	43,209
UNIE.....	324,993	147,532	472,525

Die totale getal gesinne wat opgeneem is, was 472,525 waarvan 68.8 persent of ongeveer twee-derdes in stedelike gebiede woon. Hierdie gesinne kan as volg in drie klasse verdeel word:—

- (i) Onafhanklike gesinne—sonder familiebetrekkings of loseers;
- (ii) Gesinne met familiebetrekkings of loseers by hulle;
- (iii) Loseernde gesinne, dit wil sê gesinne wat by ander gesinne loseer (maar nie in hotelle of losieshuise nie).

In tabel I word besonderhede met betrekking tot hierdie drie klasse verspreid. Die proporsionele verspreidings vir onderskeidelik stedelike en plattelandse gebiede is die volgende:—

Gebied.	PERSENTASIE IN KLAS.			
	(i).	(ii).	(iii).	Totaal.
Stedelike.....	69.1	25.4	5.5	100.0
Plattelandse.....	77.1	18.3	4.6	100.0
ALLE GEBIEDE..	71.6	23.2	5.2	100.0

Van die stedelike gesinne woon 69 persent onafhanklik van ander gesinne, 25 persent het kosgangers, loseers of familiebetrekkings, en 5.5 persent woon by ander gesinne. As in aanmerking geneem word dat daar in plattelandse gebiede minder geleentheid is om loseers in huis te neem, is die verskille tussen stedelik en plattelandse net wat mens sou verwag.

Dit blyk dat Durban die grootste persentasie gesinne het wat onafhanklik woon (73 persent), en Johannesburg die grootste verhouding gesinne wat loseer (6.7 persent).

Vergelyking met die syfers van die voorgaande afdeling toon dat daar meer huisgesinne as gesinne is; dit is nie alleen waar van elke provinsie nie maar ook van onderskeidelik stedelike en plattelandse gebiede. Die numeriese verhouding tussen huisgesinne en gesinne in enige gegewe gebied hang af van die mate waarin gesinne by ander gesinne loseer en die persentasie huisgesinne wat slegs uit 'n ongetroude persoon sonder gesin bestaan. In hierdie verband is dit van belang om op te merk dat huisgesinne die gesinne in elke provinsie van Kanada oortref het en dat die verskil in die land as 'n geheel 6.2 persent was; die ooreenstemmende syfer vir die Unie was 3.8 persent.

7. **Struktuur van gesin.**—Tabel 2 bevat besonderhede betreffende die struktuur van gesinne. As die betreklik klein aantal gesinne waarin daar net kinders is, uitgesluit word, is die proporsionele verdeling die volgende:—

Gebied.	PERSENTASIE GESINNE.			
	Hoof en eggenote alleen.	Hoof, eggenote en kinders.	Enkel Hoof (M. of V.) en kinders.	Totaal.
Stedelike.....	26.1	64.8	9.1	100.0
Plattelandse—Boere.....	19.8	74.8	5.4	100.0
Nie boere nie.....	25.7	69.5	4.8	100.0

Ongeveer een-kwart (26 persent) van die stedelike gesinne is kinderloos; die ooreenstemmende persentasie vir boeregesinne in plattelandse gebiede is veelseggend kleiner, naamlik 19.8 persent. Wat die tipe betref, stem plattelandse gesinne wat nie boer nie meer ooreen met stedelike gesinne as boere. Die beskikbare inligting laat nie die klassifikasie van die kinderlose gesinne in verskillende tipes toe nie—byvoorbeeld, of hulle jong of ou pare is wat nooit kinders gehad het nie, of die kinders deur dood of huwelik verlore is, ens. Die persentasie gesinne wat slegs 'n ongetroude persoon aan die hoof het, is veelseggend hoër in stedelike as in plattelandse gebiede. Dit is ook interessant om op te merk dat daar baie meer van hierdie gesinne is wat 'n vroulike persoon aan die hoof het as dié wat 'n man het.

8. **Kinders in gesinne.**—Tabel 3 bevat besonderhede betreffende die persone wat in alle gesinne ingesluit is. Die volgende syfers toon die gemiddelde getal kinders per gesin en die persentasies kinders onder 16 jaar oud.

PROVINSIE.	KINDERS PER GESIN.			PERSENTASIE KINDERS ONDER 16 JAAR.		
	Stedelik.	Platteland.		Stedelik.	Platteland.	
		Boere.	Nie boere nie.		Boere.	Nie boere nie.
Kaap.....	1.77	2.29	1.99	70.1	70.4	81.1
Natal.....	1.42	1.63	1.48	70.3	69.7	80.8
Transvaal.....	1.68	2.13	1.94	74.6	75.0	85.8
Oranje-Vrystaat.....	1.76	1.83	1.96	75.7	71.2	82.6
UNIE.....	1.68	2.11	1.92	72.6	72.1	83.3

Die gemiddelde getal kinders per gesin is kleinste in stedelike gebiede (1.68) en grootste onder boeregesinne in plattelandse gebiede (2.11). Die gemiddeldes vir Natal is laer as dié vir die ander provinsies; dit stem ooreen met die bekende feit dat die blanke geboortesifer in Natal laer is as op ander plekke. Daar behoort opgemerk te word dat bostaande gemiddeldes op alle gesinne, met inbegrip van dié waarin daar geen kinders is nie, gebaseer is.

Die tweede deel van bostaande tabel toon dat amper drie-kwart van die kinders jonger as 16 jaar oud is. Die persentasies vir jong kinders is veelseggend hoër in plattelandse gesinne wat nie boer nie, as in ander. Dit is op al die provinsies van toepassing. Hierdie gesinne behoort aan baie industriële groepe maar veral aan handel, mynontginning en spoelwerye, konstruksie en instandhouding van paaie en spoorweë, bosbou en vissery. Hulle sluit ook 'n aansienlike deel in van die omstedelike gesinne wat hulle inkomste uit bedrywighe in die groot stede en dorpe verkry.

9. **Persone per gesin.**—Tabel 5 toon die verspreiding van gesinne volgens die getal persone, met inbegrip van die hoof, eggenote en kinders. Gesinne wat slegs uit twee persone bestaan, word bereken op 28.6 persent, of enigsins meer as een-kwart van die totaal. Verreweg die meeste van hierdie gevalle is 'n egpaar; maar tabel 2 toon dat daar 37,250 gesinne is wat slegs een persoon—manlik of vroulik—aan die hoof het en 18,424 van hulle bestaan slegs uit twee persone, naamlik een kind saam met 'n vader of moeder of grootouer. Ons kan dus aanneem dat die 37,250 minus 18,424 gesinne, of 18,826 gesinne met een hoof en twee of meer kinders, op 'n *pro rata* grondslag tussen die 337,642 gesinne van drie of meer persone verdeel is. Met hierdie veronderstelling kry ons die volgende verspreiding volgens die getal kinders:—

Kinders per gesin.	Getal gesinne.	Kinders per gesin.	Getal gesinne.
0.....	116,459	6.....	9,678
1.....	129,862	7.....	4,819
2.....	99,662	8.....	2,453
3.....	58,721	9+.....	1,863
4.....	32,040		
5.....	16,967	TOTAAL.....	472,525

Uit bostaande verspreiding kan daar bereken word dat die totale getal kinders ongeveer 849,300 was, in vergelyking met die 850,126 wat werklik opgeneem is (tabel 3). Vir alle praktiese doeleindes kan bostaande syfers dus as akkuraat genoeg aangeneem word.

Tabel 5 toon ook dat gesinne van vier persone of minder drie-kwart (77 persent) van die stedelike en twee-derdes (68 persent) van die plattelandse totaal vorm. Groot gesinne kom proporsioneel meer voor in plattelandse as in stedelike gebiede. Ons vind byvoorbeeld dat daar in 2.95 persent van die stedelike gesinne agt of meer persone is, maar in plattelandse gebiede is die ooreenstemmende verhouding nie minder as 5.62 persent nie. Hierdie feit blyk ook duidelik uit die volgende gemiddeldes:—

GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER GESIN.

PROVINSIE.	Stedelike.	PLATTELANDSE.			Alle gebiede.
		Boerdery.	Nie boerdery nie.	Totaal.	
Kaapprovinsie.....	3.658	4.23	3.93	4.147	3.825
Natal.....	3.326	3.56	3.44	3.504	3.361
Transvaal.....	3.594	4.07	3.90	4.008	3.702
Oranje-Vrystaat.....	3.667	3.77	3.92	3.799	3.741
UNIE.....	3.588	4.054	3.866	3.966	3.715

Die gemiddelde getal persone per gesin is dus 3.588 in stedelike gebiede en 3.996 in plattelandse gebiede; behalwe in die Oranje-Vrystaat, blyk boeregesinne oor die algemeen groter te wees as gesinne wat nie boere is nie.

10. **Gesinsinkomste: Algemeen.**—Die inkomste wat in die ondersoek moes opgegee gewees het, was dié van alle lede van die gesin gesamentlik gedurende die twaalf maande tussen 1 Mei 1940 en 30 April 1941. Inkomste uit alle bronne moes ingesluit word, naamlik lone of salaris, rente, dividende, pensioene en toelae sowel as die geskatte geldelike waarde van inkomste uit bronne soos vry inwoning, rantsone, ens. Sakemanne en professionele persone is gevra om die netto inkomste op te gee wat oorby nadat die gewone onkoste wat by die verdien van die salaris aangegaan is, afgetrek is.

Die inkomste wat opgegee is, was nie die werklike hoeveelheid nie maar die graad van inkomste; d.w.s., of dit „onder £50”, tussen £50 en £100, ens., was. Daar was nege grade vir inkomste wat hoofsaaklik van nie-boerderybronne verkry is, waarvan die hoogste „£400 en daarbo” was; en vir inkomste wat hoofsaaklik van boerdery verkry is, was daar slegs vyf grade, waarvan die hoogste „£200 en daarbo” was. Hierdie strengte beperkings van die omvang het 'n ernstige uitwerking op die waarde van die inkomstedistribusies. Die berekening van rekenkundige gemiddeldes is natuurlik onmoontlik en die mediaan of 'n ander tipe gemiddelde moet gebruik word. In baie gevalle kan die mediaan egter nie bereken word nie as gevolg van die feit dat meer as die helfte van die gesinne in 'n besondere distribusie 'n inkomste hoër as £400 het.

11. **Inkomste, stedelike gebiede.**—Tabel 12 toon dat 6,895 of 2.12 persent van die 324,993 gesinne wat opgeneem is, hulle inkomste uit boerdery-ondernemings kry. Party van hierdie persone het waarskynlik vir die mark tuingemaak, of 'n melkery of hoenderboerdery, ens., binne die munisipale grense bestuur, terwyl ander elderswonende eienaars was. Verder was daar ook 1,572 gesinne wat die grootste gedeelte van hul inkomste uit nie-boerdery-bedrywighe gekry het, maar tog 'n deel ook uit boerdery. Met die oog op die klein verhouding van stedelike gesinne vir wie boerdery die vernaamste bron van inkomste was, sal daar in hierdie opname geen onderskeid volgens bron gemaak word nie; dit wil sê, daar word aangeneem dat alle stedelike gesinne hul inkomste uit ander bedrywighe as boerdery verkry.

In tabel 6 word die inligting met betrekking tot die provinsies opgesom. Die volgende syfers is op dié tabel gebaseer:—

Gemiddelde inkomste.	PERSENTASIE GESINNE.				
	Kaapprovinsie.	Natal.	Transvaal.	O.V.S.	Unie.
Onder £100.....	13.2	4.4	7.5	23.0	10.0
£100-£199.....	20.8	12.7	14.0	23.1	16.8
£200-£299.....	19.9	20.0	16.8	16.1	18.2
£300-£399.....	16.6	23.0	22.1	14.1	19.8
£400 en daarbo.....	28.5	39.9	39.6	23.7	35.2
TOTAAL.....	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Mediaan.....£	277	356	351	220	324

Die syfers vir die Unie as 'n geheel dui aan dat ongeveer een-kwart van die stedelike gesinne 'n inkomste van minder as £200 het en dat ongeveer een-derde inkomste van meer as £400 het. Die mediaaninkomste is £324; dit wil sê, die een helfte van die gesinne het inkomste laer as dié bedrag en die ander helfte het 'n hoër inkomste.

12. **Grootte van gesin en inkomste: Stedelik.**—Tabel 7 toon die verspreiding van gesinne volgens die getal persone per gesin en jaarlikse inkomste. Hierdie syfers vorm die basis van die mediane wat in tabel 11 verskyn. Die gemiddelde inkomste per gesin van twee persone in alle stedelike gebiede is £310; vir 'n gesin van drie is dit £335; en vir 'n gesin van vier bereik dit 'n maksimum van £353. Vir groter gesinne verminder die gemiddelde inkomste geleidelik en aanhoudend totdat 'n minimum van £246 vir gesinne van agt persone bereik word. Daarna vermeerder die inkomste weer, maar slegs met 'n klein bedrag, tot £266 vir gesinne van elf persone of meer.

Dit is van belang om op te merk dat die neiging wat so pas beskryf is, nie alleen op die Unie as 'n geheel maar ook op elke individuele provinsie van toepassing is; dit wil sê, die inkomste styg tot 'n maksimum vir gesinne van vier persone en daar dan geleidelik tot 'n minimum vir gesinne van agt en styg weer vir groter gesinne. Deur middel van die geskikte metode van statistiese ontleding (*) kan daar aangetoon word dat daar nie 'n toevallige, maar werklike ooreenstemming tussen die provinsies is. Die verduideliking kan waarskynlik in die oorheersende kenmerke van die inkomste van gesinne van verskillende groottes gevind word. Gesinne van twee persone bestaan grotendeels uit jong-getroude pare met 'n klein inkomste, bejaarde pare wat op ouderdoms- en ander klein pensioene lewe, ens. Die stedelike gesin wat finansiële welgesteld of ryk is, bestaan selde uit meer as vier of vyf persone. 'n Klein inkomste met gevolglike armoede en selfs gebrek word gewoonlik met die groter gesin geassosieer. (Sien volgende paragraaf). Die feit dat die inkomste styg nadat die gesin 'n sekere beperkende grootte bereik het, is waarskynlik aan bykomende winsvermoë toe te skryf;

* Kendall *Advanced Theory of Statistics*, pp. 16, 29-31.

dit is meer waarskynlik dat gesinne van tien persone kinders sal insluit wat oud genoeg is om te verdien, as gesinne van sewe of agt. Daar is ongelukkig geen beskikbare inligting wat lig op hierdie saak kan werp nie.

Aandag is hierbo gevestig op die feit dat die provinsies se inkomste in die volgende volgorde verminder: Natal, Transvaal, Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat. 'n Ondersoek van die syfers in tabel 11 toon dat dit die geval is vir gesinne van alle groottes behalwe gesinne van twee persone; in hierdie laasgenoemde geval is die gemiddelde vir Transvaal effens hoër as vir Natal. Daar kan dus met sekerheid verklaar word dat, as die gemiddelde stedelike gesinsinkomste in oorweging geneem word, die provinsies in die volgorde wat hierbo aangedui is, te staan kom.

Vergelyking van gesinne van dieselfde grootte toon dat stedelike inkomste in Natal ongeveer 4-5 persent hoër is as in Transvaal; ongeveer een-kwart hoër in Transvaal as in die Kaap; en weer een-kwart hoër in laasgenoemde provinsie as in Oranje-Vrystaat.

13. **Gesinsinkomste: stede en dorpe.**—Tabel 8 toon die verspreiding van gesinne, volgens inkomste en grootte van gesin, in die twintig vernaamste stede en dorpe in die Unie. Die relatiewe syfers vir die vier vernaamste stede is die volgende:—

PERSENTASIE GESINNE.				
Inkomste.	Kaapstad.	Durban.	Johannesburg.	Pretoria.
Onder £100.....	5.5	3.6	4.9	5.6
£100-£199.....	17.4	12.0	12.8	16.2
£200-£299.....	20.6	19.1	16.9	17.7
£300-£399.....	19.1	23.5	21.9	21.2
£400 +.....	37.4	41.8	43.3	39.3
TOTAAL.....	100.0	100.0	100.0	100.0
Mediaan.....£	331	365	369	350
<i>Persone per gesin.</i>				
2.....	32.6	38.5	33.1	28.1
3-4.....	45.8	45.5	47.9	47.5
5-6.....	15.8	12.9	14.8	18.3
7+.....	5.8	3.1	4.2	6.1
TOTAAL.....	100.0	100.0	100.0	100.0

Die mediaaninkomste blyk hoër te wees in Johannesburg (£369) as in Durban (£365); in eersgenoemde stad is die verspreiding enigins „platter”, dit wil sê, daar is proporsioneel meer gesinne met baie lae en baie hoë inkomste as in Durban. Die inkomste in Pretoria is enigins laer as in die vorige twee stede en in Kaapstad nog laer.

Die tweede deel van die table toon dat die gemiddelde gesin in Durban die kleinste is; dan volg Johannesburg, Kaapstad en Pretoria in dié volgorde.

Tabelle 9 en 10 bevat besonderhede betreffende inkomste en grootte van gesin vir feitlik al die kleiner dorpe en dorpies met ongeveer 400 gesinne of meer. Die afgeleide syfers sluit die mediaan-inkomste vir elke stad en persentasie gesinne met 'n inkomste van minder as £200 in; ook die gemiddelde getal persone per gesin en die persentasie gesinne van sewe of meer persone.

Uit die syfers vir hierdie vyftig dorpe en dorpies kan daar aange-ton word dat gesinsinkomste negatief gekorreleer is met grootte van gesin, en dat die korrelasie-koëffisiënt tellend is. Dit beteken dat klein gesinne gewoonlik met groter inkomste gepaard gaan, en omgekeerd. Die volgende dorpe steun hierdie reël opvallend: Stutterheim, wat die grootste getal persone per gesin het van die dorpe wat vermeld is, Knysna, George, Oudtshoorn, Lichtenburg, en Swellendam. Christiana het die laagste gesinsinkomste maar hier is die gesin nie baie groot nie, hoewel heelwat bo die gemiddelde. Daar is natuurlik uitsonderings op die reël. In sowel Riversdal as Graaff-Reinet, byvoorbeeld, is gemiddelde gesinsinkomste betreklik laag en gesinne ook groter as wat mens sou verwag. In Barberton en Mafeking is gesinsinkomste weer betreklik groot en die gesin ook groter as wat mens sou verwag. Hierdie uitsonderings is moontlik die gevolg van bepaalde plaaslike toestande.

14. **Plattelandse gesinne: Verhouding tot stedelike.**—Plattelandse gesinne staan in die volgende verhoudings (persent) tot alle gesinne:

Provinsie.	Verhouding (persent) plattelandse gesinne.	Persentasie van bevolking wat in plattelandse gebiede woon. Sensus 1941.
Kaapprovinsie.....	34.2	32.8
Natal.....	19.7	18.4
Transvaal.....	26.1	27.2
Oranje-Vrystaat.....	57.2	51.2
UNIE.....	31.2	30.6

Amper een-derde van die gesinne is in plattelandse gebiede opgeneem; en hoewel sekere gesinne wat gewoonlik in stedelike gebiede woon in plattelandse gebiede opgeneem is en omgekeer, is bostaande verhouding waarskynlik juis vir die persentasie gesinne wat in plattelandse distrikte woon. Die verskille tussen die provinsies is baie opmerklik. In Natal is die plattelandse verhouding slegs een-vyfde, in Transvaal ongeveer een-kwart, in die Kaapprovinsie een-derde en in Oranje-Vrystaat meer as die helfte. Hierdie verskille is hoofsaaklik toe te skryf aan plaaslike provinsiale toestande wat die bevolkingstotale bepaal.

15. **Bron van Inkomste: Plattelandse gesinne.**—Tabel 12 toon die verspreiding van plattelandse gesinne volgens bron van inkomste, sowel van boerdery as van ander ondernemings. Die volgende persentasies is uit dié tabel:—

Provinsie.	Plattelandse gesinne: Persentasie wat boer.
Eintlike Kaapprovinsie.....	73.8
Transkel.....	32.4
Eintlike Natal.....	53.5
Zululand.....	43.2
Transvaal.....	62.8
Oranje-Vrystaat.....	80.8
UNIE.....	69.1

As hierdie syfers saam met dié van die voorgaande paragraaf geneem word, toon hulle dat:—

(i) die Oranje-Vrystaat nie alleen die grootste persentasie gesinne wat in plattelandse gebiede woon, het nie, maar dat 'n groter persentasie van die plattelandse gesinne by boerdery betrokke is as in enige ander provinsie.

(ii) Natal die kleinste verhouding van gesinne het wat in plattelandse gebiede woon en ook dat die kleinste persentasie van dié plattelandse gesinne by boerdery betrokke is.

Gesinne wat boerdery as hulle vernaamste bron van inkomste het, met inbegrip van dié wat in stedelike gebiede woon, is as volg in die provinsies versprei:—

Kaapprovinsie.....	43 persent.
Natal.....	5 persent.
Transvaal.....	33 persent.
Oranje-Vrystaat.....	19 persent.
Unie.....	100 persent.

As hierdie syfer met die produktiewe boerderygebiede van die provinsies vergelyk word, blyk dit dat die Vrystaat die digste met boeregesinne bevolk is en dat die Kaapprovinsie die minste het. Daar moet egter op gelet word dat bostaande gevolgtrekkings op blanke gesinne alleen gebaseer is.

16. **Plattelandse gesinne, nie boere nie: Algemeen.**—Die verhouding van plattelandse gesinne wat nie boer nie, verskil aanmerklik in elke distrik. In distrikte waarin daar 'n stad of groot dorp is, is die persentasie gewoonlik hoog aangesien baie gesinne buite die munisipale grense woon maar hulle inkomste uit bedrywigheid binne die stad of dorp verkry. Op ander plekke is die persentasie gesinne wat nie boer nie weer hoog as gevolg van die groot getalle persone wat betrokke is by mynontginning (Pelgrimsrust), spoel-delwerke (Barkly-Wes), konstruksie en instandhouding van paaië en spoorweë (Cathcart, Victoria-Wes), bosbou (Knysna), of vissery, ens. Die volgende distrikte kan genoem word omdat hulle besonder hoë verhoudings het vir gesinne wat nie boer nie. Die syfers wat op die fame volg, is persentasies.

Kaapprovinsie.... Knysna, 72; Cathcart, 61; George, 40; Humansdorp, 41; Stutterheim, 44; Victoria-Wes, 41; Taung, 37; Barkly-Wes, 37; De Aar, 33; Piketberg, 34.

Natal..... Die verhouding van gesinne wat nie boer nie is hoog in al die distrikte.

Transvaal..... Pelgrimsrust, 88; Barberton, 74; Nelspruit, 52; Bloemhof, 52; Carolina, 48; Christiana, 40.

Oranje-Vrystaat... Ventersburg, 30; Thaba 'Nchu 29.

17. **Plattelandse streke.**—Boerderytoestande varieer aansienlik in elkeen van die vier provinsies van die Unie en daar is dikwels groot verskille tussen aangrensende distrikte. Onder hierdie omstandighede is provinsiale totale en gemiddeldes betreffende een of ander kenmerk nie van veel waarde nie en kan hulle selfs misleidend wees. Om hierdie rede is dit verkieslik om die distrikte van elke provinsie in min of meer gelyksoortige streke te groepeer. Hierdie groepering is noodwendig willekeurige maar aandag is, sover doenlik, aan die inkomstepeile en die tipes grondbesit gegee. Die getal streke in elke provinsie is die volgende: Kaap, 24; Natal, 10; Transvaal, 16; Oranje-Vrystaat, 10. Partymaal, soos byvoorbeeld in die geval van Brits, verskil 'n distrik so baie van die aangrensende distrikte dat dit raadsaam geag is om so 'n distrik as 'n streek op sigself te behandel. Die groepering wat aangewend is, word in ahangsel B getoon.

Die metode wat hier beskrywe is, maak dit moontlik om 'n idee te kry van die variasie in inkomstepeile in elke provinsie. Dit maak dit ook vir ons moontlik om veranderings in die tipe grondbesit van een deel van die land na 'n ander in oënskou te neem.

18. **Omvang en beskrywings van boerdery-inkomste.**—Die inkomste van boeregesinne is ook in grade geplaas; dit wil sê, of die inkomste „onder £50”, „van £50 tot £100”, ens., is. Daar is vyf sulke grade waarvan die laaste £200 en daarbo is. In baie distrikte of streke het meer as die helfte van die gesinne, veral as hulle eienaars is, verklaar dat hulle inkomste van £200 en meer het. In sulke gevalle is die berekening van mediaaninkomste onmoontlik. Die plan is toe beraam om die inkomstepeil te bepaal deur middel van die persentasie gesinne met inkomste van £200 en meer. Dit is vir elke klas van grondbesittende gesin in elke streek gedoen—mits daar ongeveer 100 gesinne of meer van elke klas in die betrokke streek was. Die syfers word in tabelle 15-18 gegee.

